NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Kernleesboek

GRAAD 3

## AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Kernleesboek

GRAAD 3 | KWARTAAL 3

## AFRIKAANS

NHLRP National Home Language Reading Programme

# Inhoud

**Kwartaal 3** .......... **1**

Tema: **Ons is entrepreneurs** .......... **2**

Week 1 .......... 4

Week 2 .......... 11

Tema: **Ons maak 'n verskil** .......... **18**

Week 3 .......... 20

Week 4 .......... 27

Tema: **Ons identiteite** .......... **34**

Week 5 .......... 36

Week 6 .......... 43

Tema: **Ons leer nuwe dinge** .......... **50**

Week 7 .......... 52

Week 8 .......... 59

# KWARTAAL 3

# Tema: Ons is entrepreneurs

**Taalverryking:**

Spreekwoord

'n Kort tradisionele gesegde wat soms raad bied. Spreekwoorde sluit dikwels figuurlike taal, soos metafore, in.

Wie nie waag nie, wen nie.

Dit beteken dat 'n mens risiko's moet neem om sukses te behaal. Om 'n suksesvolle entrepreneur te wees, vereis waagmoed.

Verhale:

**Vars eiers te koop**



**Kelvin Doe: DJ Focus**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **hoenderhok:** | 'n Klein huisie of skuiling waar hoenders gehou word. |
| **adverteer:** | Om mense te vertel van iets wat jy wil verkoop. |
| **pamflet:** | 'n Stuk papier wat mense inligting omtrent iets gee. |
| **uitbrei:** | Om iets groter te maak of te laat groei. |
| **innoverend:** | As iemand goed is daarmee om nuwe en slim idees te bedink om probleme op te los. |
| **ingenieurswerk:** | Ontwerp en bou van dinge om probleme op te los. |
| **radiosender:** | 'n Toestel wat radioseine uitstuur, sodat mense na 'n radiostasie kan luister. |
| **deursettingsvermoë:** | Om hard te werk, selfs wanneer dit moeilik is. |
| **entrepreneur:** | 'n Persoon wat 'n besigheid begin en dinge of dienste verkoop om geld te maak. |

## Woordeskat

**besigheid:** Werk wat mense doen om geld te maak deur goedere of dienste te verkoop.

**berekeninge:** Om getalle te gebruik om antwoorde uit te werk.

**kliënt:** ’n Persoon wat iets by ’n winkel of besigheid koop.


**Vra jou gesin:**



Is iemand in julle gesin ’n entrepreneur? Indien wel, watter tipe besigheid het die persoon?

Dink jy dit is beter om ’n werk te hê of om ’n sake-eienaar te wees? Hoekom?







## Vlotheid

**Maak gereed vir Graad 4**

- Dit is tyd om te begin voorberei vir Graad 4, wat 'n groot verandering sal wees.
- Selma is 'n Graad 3 leerder. Sy is bekommerd oor haar leeswerk in Graad 4.

Maak beurte om hardop te lees:

### Bekommerd oor lees

My juffrou het vandag iets gesê wat my laat skrik het. “Volgende jaar moet julle op jul eie kan lees,” het Juffrou gesê. “Julle moet ook kan verstaan wat julle lees.”

Ek kyk na my boek. Soms raak ek nog deurmekaar. Ek voel bang. Wat gaan gebeur as ek dit nie kan doen nie?

Gedurende pouse kom sit Linda by my. “Hoekom lyk jy so hartseer?” vra sy.

“Ek kan nie so mooi soos jy lees nie,” antwoord ek. Ek voel lus om te huil.

Linda glimlag vir my.”Selma, ons kan saam oefen. Ons kan elke dag lees.”

Daardie aand vertel ek alles vir Ouma. Sy glimlag en sê: “Ons sal ook elke aand 'n bietjie lees. Stadig, maar seker sal jy leer!”

Ek voel nou 'n bietjie beter. As ek elke dag oefen, sal al die woorde my maats word.



## Begrip

Bespreek die volgende vrae met jou maat of groep.

1. Met wie anders behoort Selma oor haar leeswerk te praat?
2. Hoe voel jy daaroor om in Graad 4 self te lees?
3. Is jy bekommerd oor iets anders, soos skryf of wiskunde?
4. Met wie kan jy oor jou bekommernisse praat?

## Vlotheid

**Maak gereed vir Graad 4**

- Soms kan nuwe dinge skrikwekkend voel!
- Ria is 'n Graad 3-leerder. Sy is bekommerd oor nuwe klaskamers en onderwysers.

Maak beurte om hardop te lees:

### Bang om van klas te verander

In Graad 3 het ek een onderwyser en een klaskamer. Mej. Visser ken my. Sy weet ek hou daarvan om by die venster te sit. Haar klaskamer voel veilig, soos ons huis.

Maar my ouer broer het vir my iets skrikwekkends vertel. "In Graad 4 stap jy na verskillende klasse toe," het hy gesê. "Jy kry 'n ander onderwyser vir elke vak!"

My hart het gebons, gebons, gebons. "Wat as ek verdwaal?" het ek hom gevra. "Wat as die nuwe onderwysers nie van my hou nie?"

Hy het gelag, maar nie op 'n gemene manier nie. "Moenie bekommerd wees nie, Ria! Ek was ook bang," het hy gesê. "Maar toe het dit pret geword. Dis elke dag soos 'n klein avontuur."

Ek voel steeds bekommerd. Soms dink ek snags daaraan en voel my maag gespanne.

Maar Mamma sê: "Al die kinders sal saam nuut wees. Julle kan mekaar help."

Miskien sal ek regkom. Miskien sal ek selfs daarvan hou.

## Begrip

Bespreek die volgende vrae met jou maat of groep.

1. Wat gebeur by jou skool as jy na Graad 4 moet gaan?
2. Het jy nou verskillende onderwysers vir verskillende vakke?
3. Skuif jy soms na ander klaskamers?
4. Hoe voel jy hieroor?
5. Ken jy jou pad by die skool?



Tema: **Ons is entrepreneurs**



## Vlotheid

**Maak gereed vir Graad 4**

- Jako is 'n Graad 3 leerder wat altyd laat is en dinge verloor.

Maak beurte om hardop te lees:

### Om na my goed te kyk

Soms hardloop my goed van my af weg. Dis hoe dit voel. Gister het ek my trui tydens pouse verloor. Verlede week was dit my nuwe potlood.

Vandag het mej. Muller gesê: "Haal julle wiskundeboeke uit." Almal het reeds hul boeke uitgehaal. Ek het in my sak bly grawe. My gesig het warm gevoel. Ek was weer laaste.

Wanneer die klok lui, is ek altyd die stadigste om op te pak. My vriende wag by die deur. "Maak gou!" sê hulle.

Ma sê: "Jako, in Graad 4 moet jy na jou eie goed omsien. Jou onderwyser gaan dit nie vir jou doen nie." Dit het my bekommerd laat voel.

Maar mej. Muller het vir my 'n geheim gewys. "Pak jou sak elke dag op dieselfde manier," het sy gesê. "Sê dan jou lysie op: skoene, trui, potloodsak, boeke."

Nou sê ek my kort lysie in my kop op, soos 'n liedjie. Vandag het ek alles huis toe gebring. Ek het niks vergeet nie. Mamma het breed geglimlag. Ek het so trots gevoel.



## Begrip

Bespreek die volgende vrae met jou maat of groep.

1. Verloor jy ooit dinge by die skool of by die huis?
2. Watter soort dinge verloor jy?
3. Kan jy 'n liedjie opmaak om jou te help onthou om jou goed te pak?
4. Is jy ooit stadig om dinge uit te haal of op te pak?
5. As jy goed is met hierdie dinge, het jy idees om te probeer om jou vriende te help?

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Thomas se karwas

Thomas was lief daarvoor om karre te was. Hy wou ’n nuwe blou fiets koop. “Ek kan ’n besigheid begin!” het Thomas vir sy ma gesê. “Dit is ’n fantastiese idee,” het sy ma geglimlag. “Jy kan ’n regte entrepreneur word!”

Thomas het ’n netjiese advertensiebord van karton gemaak. Daarop het gestaan: Thomas se skitterblink karwas. Slegs R20 per kar. Hy het ’n emmer, ’n sagte spons en seep by sy behulpsame oom geleen.

Saterdagoggend het Thomas buite gewag. Kort daarna het mnr. Snyman sy stowwerige rooi kar naby die hek parkeer. “Goeiemôre, mnr. Snyman,” het Thomas vriendelik gesê. “Kan ek vandag u kar was?” “Ja, asseblief, Thomas,” het mnr. Snyman geantwoord. “Die kar is baie vuil van die stowwerige plaaspad.”

Thomas het baie hard gewerk. Hy het warm water en seep gemeng. Hy het die wiele versigtig geskrop. Hy het die kar met skoon water afgespoel. Laastens het hy die vensters afgevee totdat hulle in die son geskitter het.

“Mnr. Snyman het buitentoe geloop en na sy blink kar gekyk. “Sjoe! Jy het wonderlike werk gedoen,” het hy gelukkig gesê. Hy het vir Thomas twee kraakvars twintigrandnote oorhandig. “Die ekstra geld is ’n fooitjie vir jou harde werk.” “Baie dankie, Meneer!” het Thomas met ’n breë glimlag gesê.”

Thomas het sy oom vir die seep terugbetaal met R25. Hy het sy ma R10 vir die water gegee. Hy het net R5 oorgehad, maar dit was ’n begin!

Die volgende Saterdagoggend was mnr. Snyman terug met sy rooi motor. En agter hom was nog 3 klante. Thomas was trots – hy het sy eerste besigheid begin!





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**1. 1. Watter soort besigheid het Thomas begin?**
a. Hy verkoop fietse.
b. Hy was karre.
c. Hy maak advertensieborde uit karton.

**2. Hoeveel vra Thomas om 'n kar te was?**
a. R10
b. R40
c. R20

**3. Waarom het mnr. Snyman vir Thomas 'n fooitjie gegee?**
a. Mnr. Snyman is Thomas se oom.
b. Thomas het hard gewerk en die kar was mooi skoon.
c. Mnr. Snyman is 'n gawe man.



## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Susan het haar boeke en*
*speelgoed verkoop.*
*Haar ouma was baie trots*
*op haar.*

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Vars eiers te koop

Rudi se ouma het baie hoenderhenne gehad wat baie eiers gelê het. Selfs al het die hele gesin eiers geëet, was daar nog steeds ekstra eiers in die erf.

Een aand het Ouma pap en eiers vir aandete gemaak.

Rudi se maat, Dirk, het saam met hulle geëet. Dirk het vir hulle vertel hoe lekker hulle eiers geproe het. Rudi het verduidelik dat die eiers van hulle eie hoenderhenne af kom.

Daardie aand het Ouma lank nagedink oor die ekstra eiers en wat Dirk gesê het. Sy het ’n idee gekry!

Die volgende dag het Rudi gesien hoe Ouma ’n hoenderhok met hout en spykers bou. Sy het vir Rudi verduidelik dat die hoenderhok dit makliker sou maak om eiers bymekaar te maak, omdat die hoenders die eiers binne-in die hok sou lê. Ouma het verduidelik dat haar plan was om die ekstra eiers te verkoop.

Rudi en sy sussie het gehelp om die eiers te adverteer wat te koop was. Ouma het vir Mnr. Tromp van die eiers vertel. Mnr. Tromp het met baie mense gepraat.

Dirk se ma was die eerste klant. Sy het vir Ouma vertel hoe baie Dirk van die eiers gehou het.

Ouma het besluit om die geld wat hulle met die verkoop van die ekstra eiers gemaak het, te gebruik om groente te plant wat hulle ook kon verkoop.





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wat het Ouma gebou?**
   Ouma het … gebou.
2. **Wat was Ouma se plan met die ekstra eiers?**
   Ouma se plan was …
3. **Wat het Ouma gebruik om die hoenderhok te bou?**
   Ouma het … en … gebruik om die hoenderhoek te bou.
4. **Dink jy dit is 'n goeie idee om groente te plant? Hoekom?**
   Ek dink dit is 'n goeie plan omdat … / Ek dink nie dit is 'n goeie plan nie omdat …

Lees 'n ander einde vir die verhaal.

Ouma se hoenders het te veel eiers gelê – hopeloos te veel vir een gesin om te eet.

Een aand het Rudi se vriend Dirk saam met hulle aandete geëet en gesê die eiers smaak baie lekker. Daardie aand het Ouma lank nagedink oor al die ekstra eiers. Sy het 'n plan gekry!

Die volgende dag pak Ouma al die ekstra eiers in 'n groot mandjie.

"Kom Rudi," het sy gesê. "Ons gaan na jou skool toe."

Ouma het die eiers vir die skoolkombuis gegee. Nou het elke kind 'n gekookte eier saam met hulle oggendpap gekry.

"Eiers maak kinders sterk en slim," sê Ouma glimlaggend.

Rudi het trots gevoel. Almal het gesê dat sy ouma se ontbyt die heel beste was!

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan 'n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

## Morfologie

Morfeem van die week: **-s**

**Wat is die morfeem se funksie of werk?**
- Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.

**Waar tref ons hierdie morfeme aan?**
- Aan die einde van 'n naamwoord (s.nw.).

**Voorbeeld:**
- 1 tafel – 2 tafels

## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees en die betekenis te bespreek:

| | | |
|---|---|---|
| seuns | lepels | wurms |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Die seuns is stout!**

Die seuns en dogters is bly. Hulle gaan op 'n uitstappie! Hulle moet swemklere, lepels en bekers saamneem. Dit gaan 'n dag van pret wees.

Die seuns is sommer laf vandag! Hulle sit wurms in die dogters se bekers! Sal die meisies dit betyds sien? Na 'n lekker dag ry hulle met die motors terug huis toe.

## Morfologie

Vind al die woorde in die teks wat die morfeem gebruik: **-s**
Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**Wat is hierdie morfeem se funksie of werk: -s?**

1. Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.
2. Dit wys dat die aksie reeds gebeur het.
3. Dit dui verkleining aan.

## Morfologie

Lees die voorbeeldsinne.

Let op hoe die onderstreepte deel die betekenis verander.

| |
|---|
| Ek sien die seun by die skool.<br>Ek sien die seuns by die skool. |

## Morfologie

Herskryf die sinne in jou skryfboek.


Verander die onderstreepte woorde om te wys: *Daar is meer as een ding of persoon.*

1. Die polisie sal die skelm vang.
2. My arm is sterk.
3. Pa se sleutel is weg.
4. Die boom hang vol appel.
5. Ma vou die laken netjies.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons neem emmers en besems. Daar is 4 emmers en 3 besems. Ons 7 kinders moet al die wurms van die stoep afvee. Na die storms is daar baie wurms op die stoep.



Kreatiewe storievertelling

## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| As jy ’n punt sien, moet jy ’n bietjie wag. | . |
| As jy ’n komma sien, moet jy ’n kort pouse neem. | , |
| As jy ’n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om ’n vraag te vra. | ? |
| As jy ’n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon. | ! |
| As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat. | “...” |

## Vlotheid

Maak beurte om die sinne hardop te lees.
Gee aandag aan leestekens.

1. In die speelgoedwinkel is daar baie speletjies, poppe, boeke en karre.
2. My oupa, wat 86 jaar oud is, het nog steeds ’n winkel.
3. Los dit!
4. Wat is jou gunstelingroomys?
5. “Gaan uit!” skreeu die winkelier.
6. Hoeveel kos ’n haarsny?” vra Theo
7. “Ek kan u kar was,” het die seun gesê. “Ek vra net R80 om dit te was en te politoer.”

## Enkodering

Herskryf die sinne in jou skryfboek.
Voeg die ontbrekende leestekens by.

1. in die winkelsentrum sien ek klerewinkels ’n haarsalon en ‘n bank
2. koop nou
3. hoeveel kos dit vra die klant
4. die salon se naam is bettie skoonheid
5. ek het seep brood en melk gekoop



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Mmanako se bakkery

Mmanako woon in dieselfde dorp in Mpumalanga as waar sy grootgeword het. Haar dorp, Graskop, is baie mooi. Baie mense kom kuier hier van oor die hele wêreld.

Mmanako is 'n bakker. Elke oggend word sy baie vroeg wakker. Sy bak vars bruinbrood. Sy bak soet maroelakoeke. Haar klein winkeltjie ruik altyd heerlik.

Baie besoekers stop by Mmanako se bakkery om brood en koek te koop voordat hulle die waterval besoek.

Sy verkoop 'n vars brood vir R35. Sy verkoop die klein maroelakoekies vir R15 elk.

Die besoekers hou daarvan om Suid-Afrikaanse kos te probeer, dus verkoop Mmanako baie maroelakoekies.

Mmanako gebruik die geld wat sy verdien om huur, elektrisiteit en haar personeel te betaal. Sy het 2 mense wat vir haar werk. Sy gebruik ook die geld om meel en ander bestanddele te koop.

Mmanako hou daarvan om nuwe resepte te probeer. Sy werk aan 'n nuwe resep vir biltongbrood. Sy dink dat baie mense hiervan sal hou.





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Mmanako grootgeword?**
   a. In die dorp Graskop.
   b. In die provinsie Mpumalanga.
   c. In die dorp Graskop in die provinsie van Mpumalanga.

2. **Watter soort koeke verkoop Mmanako?**
   a. Maroelakoekies
   b. Bruinbroodkoekies
   c. Koningskoekies

3. **Noem 2 dinge wat Mmanako moet betaal.**
   a. Huur en petrol.
   b. Elektrisiteit en koeke.
   c. Huur en elektrisiteit.



## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Vrydag het ek popklere gemaak.*
*Saterdag het ek van die klere*
*verkoop.*



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:



**Kelvin Doe: DJ Focus**

Kelvin Doe is in Freetown, Sierra Leone, gebore. Kelvin se buurt het elektrisiteitsdrade gehad, maar dit het nie goed gewerk nie. Sy buurt het omtrent net een keer 'n week elektrisiteit gehad.

Toe Kelvin 10 jaar oud was, wou hy die elektrisiteitsprobleem oplos. Hy het skrootmetaal en stukkende elektronika bymekaargemaak. Hy het ure lank die stukkende stukke weer aanmekaargesit totdat hulle weer gewerk het. Deur elke dag te oefen, het hy homself geleer hoe om elektronika reg te maak.

Toe Kelvin 13 was, het hy 'n battery uitgevind om krag te voorsien aan die huise in sy buurt.

Toe hoor Kelvin van 'n spesiale kamp vir kinders wat probleme in hul gemeenskap wil oplos. Die organiseerder se naam was David Sengeh.

Kelvin het besluit dat hy 'n radiostasie wou begin. "As ons 'n radiostasie het, kan ons oor al die probleme in ons gemeenskap praat," het Kelvin gesê. Hy het 'n span bymekaargekry en vir die kamp ingeskryf.

By die kamp het Kelvin alles gebou wat hy nodig sou hê om sy radiostasie te begin. Hy het sy personeel vir die radio georganiseer. Hy het besluit dat sy radio stories, nuus, idees en musiek sou uitsaai. Kelvin het homself 'n naam gegee om op die radio te gebruik: DJ Focus.

David het geglo dat Kelvin goeie vaardighede en 'n passie gehad het. Kelvin het die topprys by die kamp gewen.

David het ook gereël dat Kelvin 'n program by MIT in die VSA bywoon. MIT is 'n bekende universiteit vir wetenskap en innovasie. Kelvin was slegs 16. Hy was die jongste persoon wat na die program genooi is.

Tot vandag toe bestuur Kelvin sy radiostasie, vind hy nuwe dinge uit en help hy sy gemeenskap.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Van waar af kom Kelvin Doe?**
   Kelvin Doe kom van …
2. **Wie is die persoon wat die kamp waarheen Kelvin gegaan het, georganiseer het?**
   Die organiseerder van die kamp was …
3. **Wat is Kelvin se radionaam?**
   Kelvin se radionaam is …
4. **Kelvin het die radio gebruik om sy idees te deel. Op watter ander maniere kan ons vandag ons idees met ander deel?**
   Ons kan vandag ons idees deel op …

Lees 'n ander einde vir die verhaal.

Iets meer oor Kelvin: Kelvin het nie die hoofprys by die kamp gewen nie. Hy was hartseer, maar hy het nie opgehou nie.

By die huis het hy sy radiostasie saam met sy vriende gebou. Hy het lampe van ou onderdele gemaak. Die lampe het sonlig gebruik. Hy het die eerste lamp vir sy ma gegee. Elke aand was haar huis helder verlig.

Kelvin het ook vir ander kinders geleer om dinge reg te maak.

Hy gaan voort om te vernuwe en goeie dinge vir sy gemeenskap te doen.

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan 'n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

# Tema: Ons maak 'n verskil

**Taalverryking:**

Gediggie

'n Stuk skryfwerk wat sorgvuldig gekose woorde gebruik om idees, gevoelens en beelde uit te druk. Gedigte gebruik dikwels ritme, herhaling en beskrywende taal.

Leef groen - Anoniem

Ek sê: "Herwin." Dit is IN!
Stap eerder as om te ry;
Jy het mos voete gekry!
Vat 'n drasak, los die plastiek.
Al die rommel maak my siek!
Plant 'n boom vandag,
dan sal môre se kinders lag.
Ek sê: "Herwin en hergebruik,
sodat jy MôRE se blomme kan ruik.
Ek sê:"Hou die wêreld groen.
Dit is die regte ding om te doen."

As ons elkeen ons deel doen, sal daar minder rommel wees en die wêreld 'n mooier plek wees om in te woon.

Verhale:

**Zander staan sy man**



**Greta Thunberg, 'n klimaatsverandering-heldin!**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **geterg:** | As iemand gemene dinge gesê het om iemand sleg of verleë te laat voel. |
| **geboelie:** | Wanneer iemand 'n ander persoon oor en oor op 'n gemene manier behandel het, wat die persoon seermaak. |
| **uitsteek:** | As iets deur 'n gaatjie of 'n stukkende plek wys. |
| **opgestaan vir:** | Die persoon het iemand wat onregverdig behandel is, gehelp of verdedig. |

## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **besoedeling:** | Vuil of skadelike dinge in die lug, water of land wat plante, diere en mense skade kan berokken. |
| **ysbeer:** | ’n Groot wit beer wat in baie koue plekke naby die Noordpool woon. |
| **klimaatsverandering:** | Langtermynveranderinge in die aarde se weer wat die planeet warmer maak en die natuur beïnvloed. |
| **betoging:** | Wanneer mense bymekaarkom om te wys dat hulle nie met iets saamstem nie en wil hê dat dit moet verander. |
| **probleem:** | Iets wat verkeerd of moeilik is en wat reggestel moet word. |
| **oplossing:** | Die antwoord op ’n probleem. |
| **omgewing:** | Die wêreld rondom ons, wat plante, diere, water, land en mense insluit. |
| **natuurlike hulpbron:** | Iets wat ons van die natuur kry wat mense kan gebruik, soos water, sonlig, bome of grond. |

**Vra jou gesin:**



Hoe kan ek die gesin help en ’n verskil maak?

Wat dink jy is ’n probleem in ons omgewing? Is daar enigiets wat ons kan doen om dit te verbeter?



## Morfologie

Morfeem van die week: **-e**

**Wat is die morfeem se funksie of werk?**

- Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.

**Waar tref ons hierdie morfeme aan?**

- Aan die einde van 'n naamwoord (s.nw.).

**Voorbeeld:**

- 1 boek – 2 boeke

## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees en die betekenis te bespreek:

| | | |
|---|---|---|
| trein – treine | perd – perde | dier – diere |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Kyk net na die diere

Ons ry met busse na die dieretuin. Ek kan nie wag om al die diere te sien nie. Ons moet in rye stap. Daar is baie diere in die dieretuin.

Die perde se sterte is baie mooi. Bets hou die meeste van die olifante. Jaco wil graag jakkalse sien. Die uile is vir my vreeslik interessant. Wat maak die honde by die varke?

## Morfologie

Vind al die woorde in die teks wat die morfeem gebruik: **-e**
Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**Wat is hierdie morfeem se funksie of werk: -e?**

1. Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.
2. Dit wys dat die aksie reeds gebeur het.
3. Dit dui verkleining aan.

## Morfologie

Lees die voorbeeldsinne.

Let op hoe die onderstreepte deel die betekenis verander.

Die hond blaf hard.

Die hond<u>e</u> blaf hard.

## Morfologie

Herskryf die sinne in jou skryfboek.

Verander die onderstreepte woorde om te wys: *Daar is meer as een ding of persoon.*

1. Die motor het 5 <u>wiel</u>.
2. Die <u>huis</u> word geverf.
3. Ons land het baie mooi <u>dorp</u>.
4. My <u>vriend</u> kom almal saam.
5. Hoeveel <u>land</u> is daar in die wêreld?

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die uile vlieg laag oor die lande. Hulle soek na muise en ander diertjies om te eet. Die honde se sterte swaai en hulle blaf vir die uile.



Tema: **Ons maak 'n verskil**

## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| As jy 'n punt sien, moet jy 'n bietjie wag. | . |
| As jy 'n komma sien, moet jy 'n kort pouse neem. | , |
| As jy 'n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om 'n vraag te vra. | ? |
| As jy 'n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon. | ! |
| As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat. | "..." |

## Vlotheid

Maak beurte om die sinne hardop te lees.
Gee aandag aan leestekens.

1. Ons bring wortels, aartappels, uie en boontjies vir die sopkombuis.
2. Ek sal nie saam eet nie, dankie.
3. Spaar water, maak die kraan toe!
4. Hoekom is dit belangrik om met ander te deel?
5. Die hoof sê: "Bring asseblief julle ou boeke vir die leeshoekie."
6. "Mag ons na die ouetehuis gaan?" het Jan gevra.
7. "Een klein goeie daad," het ons juffrou gesê, "kan iemand se hele lewe verander."

## Enkodering

Herskryf die sinne in jou skryfboek.
Voeg die ontbrekende leestekens by.

1. ons het bottels papier en plastiek opgetel
2. sal jy my help om die sade te plant
3. hou op om water te mors
4. my juffrou het gevra bring asseblief ou klere vir die skuiling
5. as ons die parkie netjies maak kan almal veilig daar speel



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Jy kan saam met ons speel

Neo was lief daarvoor om na skool sokker te speel. Hy het altyd na die park langs sy huis, naby die groot ronde Ponte-toring gegaan.

Een middag was Neo besig om sy sokkerbal oor die veld te dribbel. 'n Groot seun met die naam Jabu het na Neo toe gestap en die bal by hom afgevat.

"Dit is nou my bal," het Jabu gelag. "Gaan huis toe, jou klein seuntjie!"


Neo het gevoel hoe vinnig sy hart klop. Hy het opgekyk na die hoë woonstelblokke van Berea en weer terug na sy boelie toe. Hy het geweet dat Jabu verkeerd was. Neo het regop gestaan. "Nee, Jabu," het Neo in 'n harde, dapper stem gesê. "Dit is my bal. Gee dit asseblief terug." Jabu het nader getree. "Wat as ek nee sê?" het hy gevra.

"Ons wil almal graag sokker speel," het Neo kalm geantwoord. "Jy kan saam met ons speel, maar jy kan nie my goed afvat nie."

Die ander kinders het opgehou om in die park te speel om te kyk. Hulle het nadergekom en langs Neo gaan staan. "Ja, Jabu! Wees asseblief regverdig!" het 'n meisie met die naam Lerato geskree.

Jabu het na die groot groep kinders gekyk. Hy het gesien dat niemand saam met hom lag nie. Jabu het die bal versigtig langs Neo laat val. "Nou goed," het Jabu gemompel.

Neo het sy bal opgetel. Hy het baie trots gevoel. Hy het opgestaan teen sy boelie, reg onder die bekende Ponte-toring.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Neo en sy maats gespeel?**
   a. In 'n besige straat in Hillbrow.
   b. Binne-in die Ponte-toring.
   c. In die park langs die Ponte-toring.

2. **Hoe weet ons dat Jabu 'n boelie is?**
   a. Hy wil nie hê dat Lerato sokker speel nie.
   b. Hy vat Neo se bal af.
   c. Hy slaan vir Neo.

3. **Hoekom gee Jabu die bal aan Neo terug?**
   a. Die ander kinders staan saam met Neo teen die boelie op.
   b. Neo se ma kom na die park toe.
   c. Dit word donker en Jabu moet huis toe gaan.

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Ons gooi al die skille in die komposhouer.*

*Ons gebruik lapsakkies vir ons inkopies.*



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Zander staan sy man

“Hoe was skool vandag?” het Zander se ma gevra. “Dit was … goed,” het Zander geantwoord. “Jy lyk nie gelukkig nie,” het Zander se ma gesê. Sy was reg! Zander was ongelukkig nadat hy gesien het hoe die ander kinders vir Lindie geterg het. Hy het vir sy ma vertel hoe gemeen die kinders by die skool was.

“Ek wonder wat jy kan doen om te help?” het Zander se ma hom gevra. “Miskien kan ek vir die kinders sê om op te hou om so lelik te wees,” het Zander gesê.

Die volgende dag toe die klok vir pouse lui, het Zander bekommerd gevoel. Hy was bekommerd dat as hy vir Lindie sou opstaan, die ander kinders hom ook sou spot. Hy het gedink dat hulle hom dalk oor die gat in sy trui sou spot.”

Toe hy buite kom, het Lindie alleen gesit. Daar was kinders rondom haar. Hulle het na haar gewys en vir haar gelag. Zander het voor Lindie gaan staan en gesê: “Stop dit! Hou op om naar te wees!” Sy hart het vinnig geklop. Sy gesig het warm gevoel.”

Die kinders het opgehou om vir Lindie te terg. Hulle het net weggeloop.

Mnr. Malan het Zander geroep om met hom te praat. “Ek het gesien hoe jy vir Lindie opgestaan het. Ek is baie trots op jou,” het Mnr. Malan gesê. Hy het vir Zander ’n plakker gegee. “Volgende keer kan jy vir my kom vertel,” het Mnr. Malan gesê.

Zander het trots gevoel dat hy vir sy maat opgestaan het.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Teenoor wie was die kinders gemeen by die skool?**
   Die kinders was gemeen teenoor …
2. **Wat het Mnr. Malan vir Zander gegee?**
   Mnr. Malan het vir Zander … gegee.
3. **Met wie het Zander sy probleem bespreek?**
   Zander het sy probleem met … bespreek.
4. **Het jy al vir jou maat opgestaan? Hoe het dit jou laat voel?**
   Ja, ek het al vir 'n maat opgestaan. Nee, ek het nog nie vir 'n maat opgestaan nie. Dit het my … laat voel.

Lees 'n ander einde vir die verhaal.

Toe Zander buite kom, het die kinders vir Lindie gelag. Zander was te bang om te skree. Daarom het hy eerder gehardloop om mnr. Malan te gaan soek.

"Meneer, hulle terg vir Lindie," het Zander gesê. "Kom help asseblief!"

Mnr. Malan het nader gestap. "Dit is nie gaaf om te spot en te terg nie," het hy vir die kinders gesê. "Hoe sou julle voel?"

Die kinders het vir Lindie om verskoning gevra. Zander het langs haar gaan sit. "Kom en speel met ons," het hy gesê en vir haar geglimlag.

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan 'n ander manier dink waarop die storie kan eindig?



## Morfologie

Morfeem van die week: **-jie**

**Wat is die morfeem se funksie of werk?**

- Dit dui verkleining aan.

**Waar tref ons hierdie morfeme aan?**

- Gewoonlik by woorde wat op die letters -d of -t eindig.

**Voorbeeld:**

- **kat – katjie**



## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees en die betekenis te bespreek:

| | | |
|---|---|---|
| boot – bootjie | eend – eendjie | stad – stadjie |




## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Die baba se hoedjie

Die baba sit in die bedjie. Die baba het ’n fraai hoedjie op sy kop. Hy wil nie die hoedjie dra nie. Hy gooi die hoedjie op die matjie. Ma tel die hoedjie op.

Hoekom blaf die hondjie dan so hard? Daar is ’n by in die bedjie. Ma gee vir die hondjie ’n been om dankie te sê. Die baba vat sy sagte speelgoedkatjie en speel verder.



## Morfologie

Vind al die woorde in die teks wat die morfeem gebruik: **-jie**

Skryf ’n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**Wat is die funksie van die morfeem: -jie?**

1. Dit wys dat die aksie reeds plaasgevind het.
2. Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.
3. Dit dui op verkleining by woorde.



## Morfologie

Lees die voorbeeldsinne.

Let op hoe die onderstreepte deel die betekenis verander.

Die baba sit en lag in die bad.

Die baba sit en lag in die badjie.



## Morfologie

Herskryf die sinne in jou skryfboek.

Verander die onderstreepte woorde om: Verkleining aan te dui.


1. Die klein boot lyk kleurvol.
2. Sy neem haar bord met pap.
3. Sy stamp per ongeluk die beeld.
4. Sy blaas hard op die fluit.
5. Hy teken 'n pragtige prent.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die kindjie se tandjie pyn. Tandarts toe is al raad. By die tandarts teken hy 'n mooi prentjie van 'n katjie. Het die katjie ook tandpyn?



Kreatiewe storievertelling

## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| As jy 'n punt sien, moet jy 'n bietjie wag. | . |
| As jy 'n komma sien, moet jy 'n kort pouse neem. | , |
| As jy 'n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om 'n vraag te vra. | ? |
| As jy 'n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon. | ! |
| As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat. | “...” |

## Vlotheid

Maak beurte om die sinne hardop te lees.
Gee aandag aan leestekens.

1. Ons het bottels, blikkies, papier en ou plastiek vir herwinning versamel.
2. Wanneer ons die park skoonmaak, kan almal veilig daar speel.
3. Tel onmiddellik die rommel op!
4. Wie sal my in die skooltuin help?
5. Juffrou sê: “Sit die kospakkies in die houer”.
6. “Kan ek help om dit te dra, Ouma?” vra Neo.
7. “Klein handjies,” sê Mamma, “kan groot dinge doen.”

## Enkodering

Herskryf die sinne in jou skryfboek.
Voeg die ontbrekende leestekens by.

1. ons het boontjies wortels en uie gekoop
2. hoekom moet ons deel
3. tel op die gemors
4. meneer het gesê bring al julle ou boeke
5. dit is mos wat jy gesê het nie waar nie

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### ’n Goeie vriend

Amara het van Zimbabwe na Suid-Afrika verhuis. Sy het saam met haar familie in ’n besige buurt gewoon. Amara het van haar nuwe skool gehou. Sy het egter soms baie hartseer gevoel.

Party kinders wou nie met haar speel nie. Hulle het gefluister as sy verbygeloop het. Hulle het gesê sy klink anders.

Een middag het Amara op die stoep by haar huis gesit. Sy was besig om ’n speelgoedrenmotor reg te maak. ’n Seun met die naam Simon het saam met sy vriende verbygeloop. “Waarom woon jy hier?” het Simon vir Amara geskree. “Gaan terug na jou land toe!”

Amara het trane in haar oë gevoel. Maar sy het nie gehuil nie. Sy het opgestaan en die renmotor vasgehou. Ek woon nou hier omdat my ouers hier werk,” het Amara dapper gesê. “Ons is almal van Afrika. My huis is pragtig, net soos Suid-Afrika.”

Simon het gelag. Maar sy vriend Len het nie gelag nie. Len het na Amara se speelgoedkarretjie gekyk. “Sjoe! Hoe draai die wiele so vinnig?” het Len gevra. Hy het nader gestap.

“Ek het ou bottels se proppies gebruik,” het Amara gesê. “Wil jy my help om dit te verf?”

Len het langs Amara op die trappe gaan sit. Simon het hulle dopgehou. Hy het simpel gevoel om alleen te staan. Stadig het hy weggestap. Amara het gelukkig gevoel. Een goeie vriend kon alles verander.





## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Amara gewoon voordat sy na Suid-Afrika getrek het?**
   a. Kaapstad
   b. Botswana
   c. Zimbabwe

2. **Watter speelding maak Amara op haar huis se stoep reg?**
   a. 'n Pop
   b. 'n Speelgoedrenmotor
   c. 'n Speel-speel kombuis

3. **Waarom het Len nader aan Amara gaan staan?**
   a. Hy wou die verf vat.
   b. Hy wou op Simon skree.
   c. Hy wou na die wiele kyk.



Kopieer in jou skryfboek:

*Herwin asseblief alle plastieksakke!*

*Sy gebruik plastiek om sakke te hekel.*

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Greta Thunberg, ’n klimaatsverandering-heldin!**

Greta Thunberg het in ’n land met die naam Swede gewoon. Haar brein het ’n bietjie anders gewerk omdat sy outisties was. Dit was soms vir haar moeilik om met ander mense te praat, maar sy kon baie goed op belangrike dinge fokus.

Eendag het haar onderwyser vir haar ’n video oor die Aarde gewys. Greta het ysbere wat hartseer lyk en plastiek in die oseaan gesien.

“Hoekom kry die planeet swaar?” het Greta gevra.

Die onderwyser het verduidelik dat karre en fabrieke die lug te warm maak. Dit word klimaatsverandering genoem. Greta het geweet dat sy moet help.

Eers het sy met haar familie gepraat. “Ons moet ophou om plastiek te gebruik,” het Greta vir hulle gesê. Haar ma het opgehou om met vliegtuie te reis. Haar pa het opgehou om vleis te eet.

Daarna het Greta ’n groot houtbord gemaak. Sy het alleen voor die parlementsgebou gesit. Op die tweede dag het meer kinders by haar aangesluit. Sommer vinnig wou duisende mense help.

Greta het selfs opgestaan om ’n groot toespraak te lewer. Sy was bang, maar het sterk gebly.

“Ek het nie gedink ek sal ’n verskil kan maak nie, omdat ek te klein is,” het Greta gesê.

Kinders van reg oor die wêreld het haar video’s op die internet gesien. Hulle het hul eie proteste begin om die Aarde te red. Greta het bewys dat enigeen die planeet kan help, maak nie saak hoe oud hulle is nie.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Greta grootgeword?**
   Greta het in … grootgeword.
2. **Wat het Greta in ’n video gesien wat haar hartseer gemaak het?**
   Greta het ’n video van … gesien wat haar hartseer gemaak het.
3. **Wat het Greta se pa opgehou doen om die Aarde te help red?**
   Greta se pa het opgehou om …
4. **Sou jy by Greta se protes aangesluit het? Hoekom of hoekom nie?**
   Ek sou by Greta se protes aangesluit het, omdat … / Ek sou nie by Greta se protes aangesluit het nie, omdat …

Lees ’n ander einde vir die verhaal.

Meer oor Greta: Greta wou nie in vliegtuie vlieg nie, omdat dit die lug besoedel. Toe sy dus genooi is om in Amerika te praat, het sy met ’n klein boot daarheen gevaar! Die reis het twee weke geduur.

Greta het met leiers van regoor die wêreld gepraat. “Luister na die wetenskaplikes,” het sy vir hulle gesê.

Die bekende tydskrif “Time” het Greta as Persoon van die Jaar aangewys. Sy was slegs 16 jaar oud – die jongste persoon ooit! Greta werk steeds daaraan om die Aarde veilig te hou.

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan ’n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

# Tema: Ons identiteite

**Taalverryking:**

Idioom

Dit is 'n frase waar die woorde 'n ander betekenis het as die letterlike betekenis.

'n Man uit een stuk.

Dit beteken die persoon is iemand op wie jy kan staatmaak, 'n persoon met vaste beginsels.

Verhale:

**Trevor Noah, die verkleurmannetjie**



**Almal se Suid-Afrika**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **apartheid:** | 'n Stelsel van onregverdige wette wat mense geskei het op grond van hul ras. |
| **gemengde ras:** | 'n Persoon wie se ouers uit verskillende rassegroepe kom. |
| **komediant:** | 'n Vermaakkunstenaar wie se werk dit is om mense te laat lag. |
| **buitestander:** | Iemand wat anders as 'n groep voel of uitgesluit word. |
| **erfenis:** | Die tradisies, oortuigings en kultuur wat van jou familie af oorgedra word. |
| **identiteit:** | Wie jy is, en dit sluit jou kultuur, familie en ervarings in. |
| **uitroep:** | Om iets met opgewondenheid te sê. |
| **maak gereed:** | Om jouself reg te maak of voor te berei vir iets moeiliks of iets waarvoor jy bang is. |
| **identiteit:** | Die dinge wat jou maak wie jy is. |

## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **uniek:** | Spesiaal en anders as wat enigiemand anders is. |
| **respek:** | Om mense vriendelik te behandel en hul gevoelens, oortuigings en verskille te waardeer. |
| **oortuigings:** | Idees wat mense as waar of belangrik beskou. |

**Vra jou gesin:**



Het ons familie of vriende wat van verskillende lande afkomstig is? Indien wel, waar kom hulle vandaan?

Watter tradisies het ons wat in ons kultuur belangrik is?





## Morfologie

Morfeem van die week: **-pie**

**Wat is die morfeem se funksie of werk?**

- Dit dui op verkleining by woorde.

**Waar tref ons hierdie morfeme aan?**

- Aan die einde van woorde wat op 'n -m eindig.

**Voorbeeld:**

- boom – boompie

## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees en die betekenis te bespreek:

| | | |
|---|---|---|
| besem – besempie | arm – armpie | wurm – wurmpie |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Sy seer duimpie

Hy kap met die hamer en slaan sy duimpie raak. Dit is nou baie seer. Die oompie bring ys om op te sit. Hulle sit saam onder die boompie en gesels.

Die wurmpies is ook onder die boom. Hulle vreet aan die pruimpies op die grond. Wil jy 'n geheimpie weet? Die erdwurmpies kan kompos maak. Wurmpies is dus goed vir die grond.

## Morfologie

Vind al die woorde in die teks wat die morfeem gebruik: **-pie**

Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**Wat is die funksie van die morfeem: -pie?**

1. Dit wys dat die aksie reeds plaasgevind het.
2. Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.
3. Dit dui op verkleining by woorde.

## Morfologie

Lees die voorbeeldsinne.

Let op hoe die onderstreepte deel die betekenis verander.

Pa plant die boom langs die kamer.

Pa plant die boompie langs die kamer.

## Morfologie

Herskryf die sinne in jou skryfboek.

Verander die onderstreepte woorde om verkleining aan te dui:.

1. Die pruim is heerlik sag.
2. My asem is nou te kort.
3. So 'n skelm!
4. Die baba se arm is baie kort!
5. Oupa vat die riem om die stoel te herstel.

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Oupa gebruik 'n riempie om die stoel reg te maak. Oupa gaan die riempiestoel onder die boompie sit. Daar sal Oupa na die wurmpie kyk. Ek sal by Oupa sit en die pruimpie eet.



Tema: **Ons identiteite**

## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| As jy 'n punt sien, moet jy 'n bietjie wag. | . |
| As jy 'n komma sien, moet jy 'n kort pouse neem. | , |
| As jy 'n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om 'n vraag te vra. | ? |
| As jy 'n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon. | ! |
| As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat. | "..." |

## Vlotheid

Maak beurte om die sinne hardop te lees.
Gee aandag aan leestekens.

1. Ons praat Zoeloe, Engels en Afrikaans in ons gesin.
2. Alhoewel ons verskillend lyk, is ons vriende.
3. Staan op en vertel ons jou storie!
4. Wat maak jou gesin spesiaal?
5. Juffrou sê: "Teken 'n prent van jou gesin."
6. "Waar kom jou naam vandaan?" het Pieter gevra.
7. "My ouma het my naam vir my gegee," antwoord Sanet, "en dit beteken vrede."

## Enkodering

Herskryf die sinne in jou skryfboek.
Voeg die ontbrekende leestekens by.

1. ons deel koeksisters vetkoek en samoesas
2. watter taal praat jy
3. vertel ons jou storie
4. mamma het gesê dra jou spesiale rok
5. alhoewel ek klein is is my drome groot



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:


### Die nuwe winkel in Limpopo

Zain het op 'n groot krat gesit. Hy het by die venster uitgekyk. Hierdie nuwe huis in Limpopo was baie anders as sy huis in Pakistan.

In Pakistan het Zain daagliks die moskeemusiek se oproep gehoor. Hier het hy koeie en voëls gehoor. Die grond was hier helderrooi.

Zain se familie het 'n klein winkeltjie oopgemaak. Hy het sy pa gehelp om die vloer te vee. Zain het hartseer en eensaam gevoel. Hy het nie die taal hier verstaan nie. Die meeste mense in hierdie dorpie het kerk toe gegaan. Hy het gewonder of hy maats sou maak.

Skielik het 'n seun saam met sy ma die winkel binnegestap. Die seun het na Zain gekyk en geglimlag. Hy het na sy bors gewys en "Thabo," stadig gesê. Zain het verstaan. Hy het teruggeglimlag en na sy eie bors gewys. "Zain," het hy gesê.




Thabo het breed geglimlag. "Hallo Zain," het Thabo baie stadig in gebrekkige Afrikaans gesê. Zain het sy kop geknik. "Hallo, Thabo," het Zain geantwoord. Hulle het albei net 'n bietjie Arikaans geken, maar hulle het vriendelike glimlagte gebruik om te praat.

Daardie aand het Zain beter gevoel toe hy gaan slaap het. Dit was goed om te weet dat Thabo dalk sy maat sou word.

Die verhaal gaan volgende week voort.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Zain gebly voordat hulle na Limpopo verhuis het?**
   a. Johannesburg
   b. Pakistan
   c. Engeland

2. **Watter kleur is die grond in Limpopo?**
   a. Bruin
   b. Rooi
   c. Geel

3. **Hoe het die seuns aanvanklik met mekaar gepraat?**
   a. Op die selfoon
   b. Deur hulle woorde neer te skryf
   c. Deur vriendelik te glimlag

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Hindoes het baie gode, soos*
*Shiva en Rama.*
*Christene aanbid God en Jesus.*

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:



### Trevor Noah, die vreemdeling wat orals aanpas

Trevor Noah het in Suid-Afrika grootgeword. In daardie tyd was daar 'n baie slegte stelsel genaamd Apartheid. Die wette het gesê dat mense van verskillende rasse nie met mekaar kon trou of kinders kon hê nie.

Trevor se ma was swart, en sy pa was wit. As gevolg van die wette, was Trevor nie toegelaat om na swart woongebiede of wit woongebiede te gaan nie. Hy het nêrens ingepas nie.

Wanneer hulle na die park toe gegaan het, moes sy ouers voorgee asof hulle hom nie ken nie. Eenkeer het die klein Trevor sy pa gesien en opgewonde geraak. "Pappa!" het hy geroep terwyl hy vinnig na hom toe gehardloop het. Sy pa was bang vir die polisie en moes dus wegvlug. Trevor het gedink dat dit 'n prettige speletjie was en het agter hom aan gehardloop."

Toe Trevor by sy ouma in Soweto gebly het, kon hy nie in die straat speel nie. Die familie was bekommerd dat die polisie hom sou wegneem. Trevor wou so graag speel dat hy 'n gat onder die tuinheining gegrawe het.

Om vriende te maak, het Trevor geleer om baie verskillende tale te praat. Wanneer hy met mense in hul eie taal gepraat het, het hulle vergeet dat hy anders gelyk het.

Later het Apartheid geëindig en Trevor het na 'n baie groot skool gegaan. Hy was steeds die enigste kind van gemengde ras en het nie geweet by wie om pouses te sit nie. Dus het hy 'n klein besigheid begin. Hy het kos vir ander kinders by die snoepwinkel gaan koop en hulle laat lag.

"Jy is baie snaaks!" het die kinders vir hom gesê.

Om mense te laat lag, het Trevor gehelp om te voel dat hy êrens behoort. Vandag is hy 'n bekende komediant regoor die wêreld.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **In watter land het Trevor Noah grootgeword?**
   Trevor Noah het in …
2. **Hoekom moes Trevor se pa van hom in die park weghardloop?**
   Trevor se pa moes van hom weghardloop omdat …
3. **Wat het Trevor gedoen om met ander kinders te probeer speel?**
   Om met ander kinders te probeer speel, het Trevor …
4. **Hoekom het dit vir Trevor gehelp om ander tale te leer?**
   Dit het vir Trevor gehelp om ander tale te leer omdat …

Lees ’n ander einde vir die verhaal.

Meer oor Trevor: Trevor het na Amerika verhuis. Hy was sewe jaar lank die aanbieder van ’n bekende TV-program genaamd “The Daily Show”. Miljoene mense het elke aand na hom gekyk.

Trevor het ook ’n boek oor sy lewe geskryf. Die naam van die boek is, “Born a Crime”. Mense oor die hele wêreld lees dit.

Trevor het nie van Suid-Afrika vergeet nie. Hy het ’n stigting begin wat kinders help om ’n goeie opvoeding te kry. “Onderwys het my lewe verander,” sê Trevor.

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan ’n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

## Morfologie

-tjie

Morfeem van die week:

**Wat is die morfeem se funksie of werk?**

- Dit dui verkleining aan.

**Waar tref ons hierdie morfeme aan?**

- Aan die einde van woorde wat op 'n diftong, l, n of r eindig.

**Voorbeeld:**

- trein – treintjie

## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees en die betekenis te bespreek:

| | | |
|---|---|---|
| voël - voëltjie | by - bytjie | deur - deurtjie |

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Sus se pophuis

Sus speel lekker in haar pophuis. Sy maak die klein deurtjie oop en sit op die stoeltjie. Sy dek die tafeltjie vir haar poppe. Die seuntjie wil ook kom speel.

Die voëltjie sit in sy koutjie en kyk na die kinders. Dit is nou winter. 'n Vuurtjie sou lekker hitte gee. Die seuntjie se truitjie lyk lekker warm. Die seuntjie se skoentjie se veter is weg. Hy sal moet help soek!

## Morfologie

Vind al die woorde in die teks wat die morfeem gebruik: **-tjie**

Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**Wat is die funksie van die morfeem: -tjie?**

1. Dit wys dat die aksie reeds plaasgevind het.
2. Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.
3. Dit dui op verkleining by woorde.



## Morfologie

Lees die voorbeeldsinne.

Let op hoe die onderstreepte deel die betekenis verander.

Die beer sit op die stoel.

Die beertjie sit op die stoeltjie.



## Morfologie

Herskryf die sinne in jou skryfboek.

Verander die onderstreepte woorde om verkleining aan te dui:.


1. Sy maak die klein deur oop.
2. Die uil vlieg in die nag.
3. Hy stamp sy toon teen die klip.
4. Die blaar dartel na die grond.
5. Ons ry met 'n klein motor.



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Die beertjie sit op haar stoeltjie. Sus trek vir die beertjie 'n truitjie aan. Hulle sit by die tafeltjie om tee te drink.



Kreatiewe storievertelling

## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| As jy 'n punt sien, moet jy 'n bietjie wag. | . |
| As jy 'n komma sien, moet jy 'n kort pouse neem. | , |
| As jy 'n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om 'n vraag te vra. | ? |
| As jy 'n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon. | ! |
| As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat. | "..." |

## Vlotheid

Maak beurte om die sinne hardop te lees.
Gee aandag aan leestekens.

1. Op Erfenisdag het ons koeksisters, vetkoek, samoesas en chakalaka gedeel.
2. Al is ek klein, het ek groot drome.
3. Wees trots op wie jy is!
4. Watter taal praat jy by die huis?
5. Ma sê: "Dra jou spesiale rok vir die konsert."
6. "Watter speletjies het julle gespeel toe julle klein was?" het Gert gevra.
7. "Ek is in 'n klein dorpie gebore," het Ouma gesê, "maar my hart was altyd groot."

## Enkodering

Herskryf die sinne in jou skryfboek.
Voeg die ontbrekende leestekens by.

1. ons praat afrikaans en xhosa by die huis
2. wat is jou gunstelingkos
3. wees trots op wie jy is
4. ouma sê jou naam beteken geluk
5. my gesin is baie spesiaal

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Ons deel en leer saam**

Die volgende dag het Thabo teruggekom. Hy het ’n ronde sokkerbal in sy hande vasgehou. Thabo het die bal aan Zain gewys. “Speel?” het Thabo gevra. Dit was ’n eenvoudige Afrikaanse woord. Zain het sy kop gelukkig geknik. “Ja, speel,” het Zain gesê.

Die seuns het op die rooigrond buite gesit. Hulle het die sokkerbal heen en weer geskop. Thabo het na ’n groot boom gewys. “Boom,” het Thabo gesê. Zain het gekyk en geglimlag. “Groot boom,” het Zain gesê. Die seuns het kort woordjies en hulle hande gebruik om te praat.

Zain wou iets van Pakistan af deel. Hy het ingegaan en ’n peuselhappie met sterk kruie gaan haal. Hy het vir Thabo een gegee. “Kos,” het Zain met ’n glimlag gesê.

Thabo het ’n happie gevat. Sy oë het groot gerek. “Lekker. Warm maar lekker!” het Thabo gesê. Hy het sy maag gevryf om te wys dat hy daarvan hou.

Zain het gelag. Hulle het nog nie baie Afrikaanse woorde geken nie. Maar hulle het handgebare, glimlagte en ’n sokkerbal gebruik om beste maats te word.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Watter speelding het Thabo saamgebring na die winkel toe?**
   a. ’n Klein karretjie
   b. Albasters
   c. ’n Sokkerbal

2. **Wat het Zain met Thabo gedeel?**
   a. ’n Nuwe boek
   b. ’n Peuselhappie met sterk kruie
   c. ’n Koeldrank

3. **Wat is dieselfde tussen die twee seuns?**
   a. Hulle hou van sokker.
   b. Hulle leer om Afrikaans te praat.
   c. Beide a en b

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Moslems bid tot Allah.*

*In sommige kulture is voorouers baie belangrik.*

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Almal se Suid-Afrika

Oliver se familie het van Burundi, ’n klein landjie in Afrika, gekom.

Sy onderwyser, mnr. Viviers, het gesê: “Môre is Erfenisdag! Dra iets uit jou kultuur.”

Oliver het aan die Karyenda-tromme in Burundi gedink. Hy het gewonder of hy toegelaat sal word om sy eie tradisies te vier.

Daardie nag het Oliver ’n nare droom gehad. Hy het gedroom dat die kinders vir sy tradisionele klere gelag het.

In die oggend het Oliver vir sy pa gesê: “Ek wil nie vandag skool toe gaan nie.” “Wat is fout?” het sy pa gevra. Oliver het gesê: “Ek het nie ’n Suid-Afrikaanse kultuur nie.” Sy pa het geglimlag en gesê: “Erfenisdag is vir almal.”

Oliver se pa het ’n tradisionele lap genaamd ’n pagne uitgebring. Oliver het dit aangetrek en in die spieël gekyk. Hy was steeds bekommerd. “Wat as iemand sê ek hoort nie hier nie?” het Oliver gevra.

Sy pa het gesê: “Sê vir hulle dat Suid-Afrika aan ons almal behoort!”

“Oliver het sy klaskamer binnegestap. Hy het sy asem opgehou. Maar niemand het vir hom gelag nie. “Sjoe! Ek is mal oor jou uitrusting,” het sy klasmaat, Lucinda, gesê. “Ek wil meer oor jou erfenis leer!” het Fransie gesê.”

Mnr. Viviers het vir die klas geglimlag. “Al ons erfenisse hoort hier!” het hy gesê. Oliver het breed geglimlag, want hy het geweet hy hoort hier.



## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Van water land het Oliver se familie vandaan gekom?**
   Oliver se familie het van … gekom.
2. **Wat is die naam van die lap wat Oliver se pa vir hom gegee het?**
   Die naam van die lap is …
3. **Wie het gesê dat hy/sy graag meer oor Oliver se erfenis wil leer?**
   … het gesê dat hy/sy graag meer oor Oliver se erfenis wil leer.
4. **Van watter erfenis sou jy graag meer wou leer? Hoekom?**
   Ek sou graag meer oor … wou leer, want …

Lees 'n ander einde vir die verhaal.

Oliver het sy klaskamer binnegestap. Een seun het gelag. "Wat is dit?" het hy gesê terwyl hy daarna gewys het.

Oliver se hart het vinnig geklop. Toe onthou hy sy pa se woorde.

"Dit is 'n lendekleed vanaf Burundi," antwoord Oliver. "Suid-Afrika is die tuiste vir baie mense vanaf Burundi."

Mnr. Viviers knik sy kop: "Oliver is reg. Kom, vertel ons van die dromme van Burundi."

Oliver vertel vir die klas van die dromme van Burundi. Almal klap hande. Selfs die seun wat hom geterg het, klap hande.

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan 'n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

# Tema: Ons leer nuwe dinge

**Taalverryking:**

Raaisel

'n Woordraaisel wat van jou verwag om wyer te dink, 'buite die boks' om die antwoord te vind.

Wat kan jy met ander deel en tog hou jy presies dieselfde hoeveelheid daarvan? Wat is dit? (Kennis)

Hoe meer kennis jy het, hoe makliker sal jy probleme kan oplos. Hoe meer nuwe dinge jy leer, hoe skerper word jou verstand. Jy kan dit gratis met ander deel.

Verhale:

**Zandri leer om te mediteer**



**Wie is Katherine Johnson?**



## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **meditasie:** | 'n Oefening waar jy stil sit en jou gedagtes fokus om jou te help om kalm en ontspanne te voel. |
| **kalm:** | Voel vreedsaam, ontspanne en nie bekommerd of ontsteld nie. |
| **oortuig:** | Om iemand met bewyse of goeie redes so ver te kry om 'n standpunt in te sien. |
| **mantra:** | 'n Spesiale woord of sinnetjie wat jy oor en oor kan sê om jou brein te laat kalmeer of om jou bly en sterk te laat voel. |
| **wiskundige:** | 'n Persoon wat wiskunde gebruik om probleme op te los en vrae te beantwoord. |
| **swaartekrag:** | Die krag wat dinge na die aarde toe trek en keer dat ons wegdryf in die ruimte in. |
| **diskriminasie:** | Om iemand onregverdig te behandel as gevolg van wie hulle is. |

## Woordeskat

| | |
|---|---|
| **diskriminasie:** | Om iemand onregverdig te behandel as gevolg van wie hulle is. |
| **aftrede:** | Wanneer 'n persoon ophou werk omdat hulle ouer is en hul loopbaan voltooi het. |
| **verbeter:** | Om beter te word met iets. |
| **instruksies:** | Stappe wat vir jou sê hoe om iets te doen. |
| **resep:** | 'n Lys van bestanddele met stappe om kos te maak. |
| **hulpbronne (leerhulpbronne):** | Dinge wat ons help leer, soos boeke, prente, video's of mense wat ons leer. |

**Vra jou gesin:**



Wat is iets nuut wat jy graag sal wil leer?

Hoe sal jy dit leer? Watter verskillende maniere kan jy probeer om hierdie nuwe ding te leer?





## Morfologie

Morfeem van die week: **het … ge-**

**Wat is die morfeem se funksie of werk?**

- Dit wys dat iets klaar plaasgevind het. Dit dui verlede tyd aan.

**Waar tref ons hierdie morfeme aan?**

- Aan die begin van 'n werkwoord. Dit word saam met die woord 'het' in 'n sin gebruik.

**Voorbeeld:**

- **loop – het geloop**



## Dekodering

Maak beurte om die woorde te lees en die betekenis te bespreek:

| | | |
|---|---|---|
| het geslaap | het gelees | het gespeel |




## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Klaas het krieket gespeel.**

Ons het die vakansie baie dinge gedoen. Ons het 'n kasteel met komberse gebou. Ons het in ons kasteel geslaap. Ons het in ons kasteel geëet. Ons het vir Jan weggekruip.

Pa het ons na die stad geneem. Ek het al die hoë geboue gesien. Ek het in 'n trein en in 'n hysbak gery. Die hysbak het glasvensters! Kan jy dit glo? Pa het vir ons roomys gekoop.



## Morfologie

Vind al die woorde in die teks wat die morfeem gebruik: **het … ge-**

Skryf 'n lys van hierdie woorde in jou skryfboek.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

**Wat is die funksie van die morfeem: het … ge-?**

1. Dit wys dat daar meer as een ding of persoon is.
2. Dit wys dat iets klaar plaasgevind het. Dit dui verlede tyd aan.
3. Dit dui op verkleining by woorde.

## Morfologie

Lees die voorbeeldsinne.

Let op hoe die onderstreepte deel die betekenis verander.

Piet loop skool toe.

Piet <u>het</u> skool toe <u>ge</u>loop.

## Morfologie

Herskryf die sinne in jou skryfboek.

Verander die onderstreepte woorde om : Verlede tyd aan te dui.

1. Sanet <u>lees</u>. Sanet het …
2. Boetie <u>bad.</u> Boetie het …
3. Buks <u>hardloop</u>. Buks het …
4. Mamma <u>kook</u> kos. Mamma het …
5. Pappa <u>werk</u> hard. Pappa het …

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

Ons het vandag hard gewerk. Ons het sinne geskryf. Ons het somme gedoen. Ons het geteken.



Tema: **Ons leer nuwe dinge**

## Vlotheid

Gebruik leestekens om jou te help om vlot te lees.

| | |
|---|---|
| As jy 'n punt sien, moet jy 'n bietjie wag. | . |
| As jy 'n komma sien, moet jy 'n kort pouse neem. | , |
| As jy 'n vraagteken sien, moet jy jou stem verander om 'n vraag te vra. | ? |
| As jy 'n uitroepteken sien, moet jy jou stem verander om emosie te toon. | ! |
| As jy aanhalingstekens sien, kan jy jou stem verander om soos die persoon te klink wat praat. | "..." |

## Vlotheid

Maak beurte om die sinne hardop te lees.
Gee aandag aan leestekens.

1. Vanjaar het ek geleer om te swem, tou te spring, om lang woorde te lees en om die tyd te lees.
2. Na baie oefening, ry ek nou uiteindelik my fiets.
3. Probeer net nog 'n keer!
4. Wat wil jy nog leer om te doen?
5. Pa sê: "Hou die kolf met altwee hande vas."
6. "Sal jy my leer om skaak te speel?" vra Paula.
7. "Verlede jaar kon ek nie lees nie," sê Benita, "maar nou lees ek elke aand."

## Enkodering

Herskryf die sinne in jou skryfboek.
Voeg die ontbrekende leestekens by.

1. ek kan lees skryf en tot honderd tel
2. wie het jou geleer om te swem
3. kyk net hoe vinnig kan ek hardloop
4. pa sê probeer weer môre
5. na baie oefening ry ek fiets



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Die klein skerm

Liesl het op ’n klein dorpie naby Kuruman gewoon. Sy het nie ’n rekenaar gehad nie. Haar skool het ook nie rekenaars gehad nie. Maar Liesl wou leer. Sy wou weet hoe om te tik. Sy wou ook op die internet soek.

“Ek gaan eendag ’n groot rekenaar gebruik,” het sy vir haar ouma gesê. Ouma het geglimlag. “Jy is slim, Liesl. Jy kan enigiets leer,” het haar ouma gesê.

Ouma het ’n klein slimfoon gehad. Elke aand het sy Liesl toegelaat om die foon te gebruik. Liesl het die YouTube-app oopgemaak. Sy het gesoek na video’s oor rekenaars.

Die skerm was baie klein, maar Liesl het mooi gekyk. Sy het na ’n video gekyk oor hoe om ’n rekenaar aan en af te skakel. Die video het ’n groot knoppie met ’n sirkel en ’n lyn gewys. “Druk hier om te begin,” het die man in die video gesê.



Sy het ook video’s oor die sleutelbord gekyk. Sy het geleer waar die letters was. Sy het nie ’n regte sleutelbord gehad nie, daarom het sy een op ’n stuk papier geteken.

Liesl het elke aand op haar papier-sleutelbord geoefen. Sy het met haar vingers op die letters getik en die klanke hardop gesê.

Hierdie verhaal gaan volgende week voort.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waar het Liesl gebly?**
   a. In 'n groot stad
   b. Naby Kuruman
   c. In Pakistan

2. **Waarop het Liesl YouTube-video's gekyk?**
   a. 'n Groot televisie
   b. Haar ouma se slimfoon
   c. 'n Rekenaar

3. **Hoe het Liesl meer oor die letters van 'n sleutelbord geleer?**
   a. Sy het 'n sleutelbord gekoop
   b. Sy het haar onderwyser daaroor gevra
   c. Sy het 'n sleutelbord op 'n stuk papier geteken

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Ons kan baie dinge by ons familie leer.*

*Ons kan ook baie dinge van die internet, TV en boeke leer.*



## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Zandri leer om te mediteer



Zandri het baie vroeg wakker geword om haar boek buite te lees. Skielik hoor sy 'n vreemde geluid van die bure af. Sy het op haar stoel gaan staan en oor die tuinheining geloer. Haar bure, mnr. en mev. Kapoor, het met toe oë op die gras gesit.

Zandri het gewonder wat hulle doen.

Etenstyd het Zandile vir Geeta, haar skoolvriendin, gesien. "Ek het jou ouers vanoggend op die grond sien sit," het Zandri gesê. "Waarom het hulle dit gedoen?" het sy gevra.

Geeta het geglimlag. "Dit word meditasie genoem. Jy mediteer om kalm te voel en jou gedagtes stil te maak."

Daardie middag het Zandri dit in haar agterplaas probeer. Sy het haar bene gekruis en 'n lae "hhhmmm"-geluid gemaak, maar sy het nie kalm gevoel nie.

Die volgende dag het sy vir Geeta gesê dat dit nie gewerk het nie. Geeta het gelag. "Jy het dit verkeerd gedoen! Ek het vir jou oor die heining gekyk."

Zandri het ook gelag. Na skool het sy na Geeta se huis gegaan. Geeta en haar pa, mnr. Kapoor, het vir Zandri na die agterplaas geneem. Hulle het haar gewys hoe om te sit, waar om haar hande neer te sit en hoe om diep asem te haal.

"Maak net jou oë toe en dink aan jou asemhaling," het Geeta gesê. Zandile het probeer, maar sy het aanhou dink aan al haar huiswerk vir wiskunde en wat haar ma vir aandete kook. "Voel jy kalm?" het mnr. Kapoor gevra. "Ek weet nie of ek dit kan doen nie," het Zandri geantwoord.

"Dit verg oefening," het Geeta saggies gesê. "Kom môre terug en ons kan saam oefen." Zandri het wel teruggegaan en sy het aangehou probeer.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Wat het Zandri oor die heining gesien?**
   Zandri het … gesien.
2. **Wat was die Kapoors besig om te doen?**
   Die Kapoors was besig om …
3. **Waaraan het Zandri gedink terwyl sy besig was om te mediteer?**
   Zandri het aan … en … gedink.
4. **Wat doen jy om te kalmeer?**
   Wanneer ek kalmer wil voel, …

Lees ’n ander einde vir die verhaal.

Zandri het hartseer huis toe gegaan. “Ek kan nie mediteer nie,” het sy vir haar ma gesê. “My kop is te besig.”

Haar ma het geglimlag. “As ek die wasgoed ophang, dink ek net aan die wind en die son. Dit is my tyd vir stilte.”

Die volgende dag het Zandri haar boeke buite gelees. Sy het na die voëls geluister. Haar kop het rustig en kalm gevoel.

Later daardie dag het Zandri vir Geeta gesien. “Hallo Geeta,” het Zandri haar gegroet. “Ek het my eie manier gevind om kalm te word. Ek sit in die tuin en lees my boek. Is dit ook ’n goeie manier?”

“Natuurlik,” het Geeta geantwoord. “Dit is goed dat jy ’n metode gevind het wat vir jou werk.”

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan ’n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

## Sinsontleding

**Verander sinne na die toekomende tyd:**

*Onthou as ons 'n sin na die toekomende tyd verander dan:*

- Voeg ons die woordjie 'sal' in ons sin by.
- Die woord 'sal' wys vir ons dat dit nog nie gebeur het nie.
- Skuif die werkwoord na die einde van die sin. Dit is asof die woord 'sal' die werkwoord skop na einde van die sin.

1. Kopieer hierdie sinne in jou skryfboek:

   **Jan speel krieket.**

2. Soek en onderstreep die onderwerp.

   **Jan speel krieket.**

3. Voeg sal in jou sin.

   **Jan sal …**

4. Onthou sal skop die werkwoord na die einde van die sin.

   **Jan sal krieket speel.**

5. Skryf en lees die sin in die toekomende tyd:

   **Jan sal krieket speel.**

6. Herhaal met die sinne:

   **a. Die seuns speel rugby.**
   **b. Mamma bak 'n koek.**
   **c. Wilna lees 'n boek.**

## Sinsontleding

**Rangskik die sinne in die korrekte volgorde in die toekomende tyd:**

1. Kopieer die sinne in jou skryfboek:

   **'n boom sannie plant sal.**

2. Soek en onderstreep die onderwerp.

   **'n boom Sannie plant sal.**

3. Trek 'n kring om die woordjie sal en die werkwoord.

   **'n boom sannie plant sal.**

4. Soek en trek 'n sirkel om die voorwerp.

   **'n boom sannie plant sal.**

5. Skryf die sin as volg: onderwerp + sal + voorwerp + werkwoord

   **sannie sal 'n boom plant**

6. Voeg leestekens by:

   **Sannie sal 'n boom plant.**

7. Herhaal met die sinne:

   **a. in ek my sal boek skryf**
   **b. lekker ek slaap sal**
   **c. sal water jan drink**

### Sinsontleding

**Verander die sinne na die toekomende tyd:**

1. Ek sing in die skoolkoor.
2. Ons tel die rommel op.
3. Die hond jaag die kat.
4. Jana skryf baie mooi.
5. Pappa kap hout.

### Sinsontleding

**Rangskik hierdie sinne in die toekomende tyd in die regte volgorde:**

1. ouma ’n trui brei sal
2. ry ek in sal ’n trein
3. die meisies netbal sal speel
4. snoei die bome pa sal
5. ’n nuwe kar koop sal pa

### Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

**Leer om te swem**

Volgende week sal Theo in die groot swembad naby sy skool leer swem. Sy afrigter, Meneer Jan, sal vir hom wys hoe om met sy bene te skop en borrels in die water te blaas. “Moenie bang wees nie, Theo. Ek sal jou hande die hele tyd vashou,” sal Afrigter Jan sê.

Aan die begin sal Theo baie styf aan die kant van die swembad vashou. Dan sal hy diep asemhaal en hom met sy voete afdruk. Teen die einde van die vakansie sal Theo soos ‘n gelukkige vissie in die swembad swem.



Kreatiewe storievertelling

## Sinsontleding

**Verander die sinne na die toekomende tyd:**

1. Theo swem in die swembad.
2. Sy teken 'n prent van 'n blom.
3. Die seun speel op die kitaar.
4. Jan skop die bal oor die pale.
5. Die seuns sing in die koor.

## Sinsontleding

**Rangskik hierdie sinne in die toekomende tyd in die regte volgorde:**

1. die fotograaf 'n foto sal neem
2. willem vinnig sal hardloop
3. kobus hokkie leer speel sal
4. sal 'n boek amanda lees
5. juffrou verduidelik die som sal

## Vlotheid

Maak beurte om hardop te lees:

### Die krieketwedstryd

Johan wil graag krieket speel. Sy pa help hom om te boul en te kolf. Johan sal elke dag oefen om beter te kolf. Hy sal elke dag oefen om beter te boul. "Ek sal my bes probeer," belowe Johan sy pa.

Daar sal baie mense wees as die span aangekondig word. Meneer sal Johan se naam noem. Al sy maats sal saam met hom bly wees. Sy pa sal trots op hom wees.



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:



### Leer groot dinge

Baie gou wou Liesl meer dinge leer. Sy het haar ma se foon gebruik om na videos oor e-posse te kyk. 'n E-pos is 'n brief op die rekenaar, het die video verduidelik. Liesl het gekyk hoe om die adres in te tik. Sy het geleer hoe om die klein @-teken te gebruik.

Dit lyk soos 'n kat met 'n operolde stert, het Liesl glimlaggend gedink. Sy het haar denkbeeldige e-posadres in haar skoolnotaboek geskryf.

Daarna het sy na video's oor die internet gekyk. Sy het gesien hoe mense 'n soekbalk gebruik om inligting te vind. Sy het ook na 'n video gekyk oor hoe om dokumente te tik. Die video het gewys hoe om woorde groot, vetgedruk en netjies te maak. Sy het die rekenaarstappe in haar notaboek oorgeskryf.

Eendag het haar onderwyser, mnr. Molefe, 'n verrassing gehad. Hy het sy eie skootrekenaar klas toe gebring. "Wie weet hoe om dit aan te skakel?" het mnr. Molefe gevra.

Die kinders was stil. Hulle het bang gelyk. Liesl het haar hand opgesteek. "Ek weet, Meneer," het sy gesê.

Sy het vorentoe geloop. Sy het die aan/af-skakelaar gevind en dit gedruk. Die skerm het helderblou verlig.

Mnr. Molefe het geglimlag. "Knap gedaan, Liesl!" het hy gesê. Liesl het trots gevoel. Haar lesse met haar slimfoon was suksesvol.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Aan watter dier het die @-teken Liesl laat dink?**
   a. 'n Slang
   b. 'n Wurm
   c. 'n Kat

2. **Wat het mnr. Molefe op 'n dag skool toe gebring?**
   a. Sy eie skootrekenaar
   b. 'n Sokkerbal
   c. Gekruide peuselhappies

3. **Hoe het Liesl gevoel toe sy die rekenaar aangeskakel het?**
   a. Sy was bang
   b. Sy was hartseer
   c. Sy was trots

## Handskrif

Kopieer in jou skryfboek:

*Johan slaan die bal oor die*
*grens.*
*Sy onderwyser, mnr. Visser,*
*glimlag breed.*



**Vlotheid**

Maak beurte om hardop te lees:




**Wie is Katherine Johnson?**

Een aand het Geeta en haar pa na die maan gekyk. "Ek wil eendag maan toe gaan," het Geeta gesê. "Ek dink jy moet eerder soos Katherine Johnson wees," het haar pa gesê.

"Wie is Katherine Johnson?" het Geeta haar pa gevra. "Sonder haar sou niemand ooit maan toe kon gaan nie," antwoord haar pa.

Katherine Johnson was 'n briljante leerder. Sy het met hoërskool begin toe sy slegs 10 jaar oud was. Sy het op 14 universiteit toe gegaan. Katherine was baie goed in Wiskunde. Haar professore moes spesiaal vir haar nuwe lesse uitdink.

Geeta kon nie dink hoe dit sou wees as sy nou al hoërskool toe moes gaan nie.

Katherine kon nie die werk wat sy so graag wou hê, kry nadat sy klaar aan die universiteit studeer het nie. As gevolg van diskriminasie was dit baie moeilik vir 'n swart vrou om so 'n tipe werk te kry.

"Wat is diskriminasie?" het Geeta gevra. "Dit is wanneer mense onregverdig behandel word as gevolg van iets soos hulle ras of geslag," het haar pa gesê.

Geeta het onthou hoe Malcolm vir haar gesê het dat sy nie goed in Wiskunde was nie, omdat sy 'n meisie is. Dit het nie lekker gevoel nie.

Toe Katherine aanvanklik by NASA begin werk het, het die mans dieselfde aan haar gedoen. Sy moes oor en oor aan mense vertel dat sy goed genoeg is.

Uiteindelik het hulle haar gevra om by hulle vergaderings aan te sluit. Katherine het gehelp om die roete van die eerste vlug maan toe te beplan.

"Ek dink Katherine sou wou hê dat jy eerder Wiskunde moet studeer as om maan toe te gaan!" het Geeta se pa gesê.

## Begrip

Skryf die antwoorde in jou skryfboek:

1. **Waarheen wou Geeta eendag gaan?**
   Geeta wou eendag na … toe gaan.
2. **Wie het gesê dat Geeta nie goed was in Wiskunde nie?**
   … het gesê dat Geeta nie goed was in Wiskunde nie.
3. **Waar het Katherine Johnson gewerk?**
   Katherine Johnson het by … gewerk.
4. **Hoe dink jy sal dit wees om na die maan toe te gaan?**
   Ek dink dit sal …

Lees ’n ander einde vir die verhaal.

Meer oor Katherine: ’n Ruimtevaarder genaamd John Glenn sou om die aarde vlieg. ’n Rekenaar het sy roete bereken, maar John het dit nie vertrou nie.

“Vra vir Katherine om die syfers na te gaan,” het hy gesê. “As sy sê hulle is reg, is ek gereed om te begin.”

Katherine se berekeninge was reg en die vlug was veilig!

Toe Katherine 97 jaar oud was, het die president vir haar ‘n spesiale medalje gegee. Daar is selfs ‘n rolprent oor haar, genaamd “Hidden Figures”. Katherine het 101 jaar oud geword.

Bespreek die verskillende eindes.

1. Van watter einde hou jy die meeste?
2. Hoekom?
3. Kan jy aan ’n ander manier dink waarop die storie kan eindig?

**Copyright © 2026 National Educational Collaboration Trust (NECT)**

This work is licensed under a **Creative Commons Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.

Additional permissions beyond the scope of this license may be available. For further information, please contact the publisher at **materials@nect.org.za**.

**First edition, 2026**

NHLRP | National Home Language Reading Programme

